NOTULE VAN DIE U.K. GEHOU TE BLOEMFONTEIN OP DINSDAG 29 NOVEMBER 1960.

TEENWOORDIG:- Ds. P.S.Z. Coetzee (Voors.) Ds. J.J. Fourie, Mnr. S. Naude, Mnr. J. van Graan, Die Alg. Sendingsekretaris en die Org. Sendingsekretaris.

Die Voorsitter open die vergadering met gebed.

Goedkeuring van die vorige notule:

Die notule word goedgekeur en onderteken.

Ned. Gref. Kerk Argief in die O.V.S.

B U I T E L A N D .

Sake voortvloeiende uit die Raadskommissie Notule 3 en 4 Nov.'60.

1. SIEKTE MNR. P. MULLER NO. (a)

Goedgekeur dat die nodige bedrag van £15.0.0. aan hom uitbetaal word in verband met Mediese behandeling te Lusaka.

DS. EN MEVR. J.F. BOTHA BESOEK AAN UNIE: NO. (b)

Dit word besluit dat die reiskoste van Ds. J.F. Botha sal betaal word in verband met sy bywoning van die stigting van die Raad van N.G. Kerke van Suidelike Afrika.

3. KONSEPREGLEMENT BOEKWINKEL (R.60/19(b) No. 6:-

Hierdie saak staan oor tot die aanstaande S.A.S.K. vergadering.

4. PERSONEEL TEOLOGIESE SKOOL (R.K. SEPT. '60/17 EN NO.60/14):

Met die oog op moontlike toekomstige verwikkelings word daar nie vir die teenwoordige gedink aan uitbreiding var personeel by Teologiese Skool, Madzimoyo nie.

5. VERTEENWOORDIGER FEDERALE SENDINGRAAD NO. 18:

Besluit word dat wat betref die verteenwoordiging op die F.S.R. deur die Buitelandse Sendinge die koste van die verteenwoordiger uit ons Sending in die jaar wanneer hy die Sendinge verteenwoordig, deur die S.A.S.K. betaal sal word.

6. AFSLUITING FINANSIËLE BOEKE NO. 19: Dit word by die S.A.S.K. aanbeveel dat die finansiële jaar in die vervolg oor die periode 1 Julie tot 30 unie sal loop in plaas van soos tans die geval is.

7. BESOEK AAN LUKWIPA NO. 21:

Die U.K. sal verkieslik aan die Inheemse kerk 'n donasie maak, sodat die Inheemse kerk volle verantwoordelikheid aanvaar oor sy arbeiders. Die saak word verder verwys na die S.A.S.K. vir beleidsformulering en uitvoering.

8. AANSOEK LENING MNR. P. MULLER NO. 22:

Die saak word opgedra aan die Saakgelastigde Kantoor en die A.S. Sekretaris vir afhandeling.

2/.....

9. REGLEMENT DRUKPERS NO.24:

Die Reglement word goedgekeur en onderteken.

10. WERKSVERDELING NO. 31:

Kennisname.

11. VERLOFTYE (RK. '60/32):

Goedgekeur.

12. MNR. EN MEVR. RETIEF (.R.K. NOV. '60/33):

Met dank kennis geneem van die feit dat die Nyassa Sending Mnr. en Mevr. Retief goedgunstiglik aan ons sending vir die afgelope ses maande afgestaan het. Van hul kostelike werk word met hoë waardering hiermee kennis geneem. Briewe van dank sal geskrywe word.

Die poging om hulle langer in diens van ons Sending te behou word hartlik ondersteun.

VERPLASINGSKOSTE ONDERWYSERS OPKNAPPINGSKURSUS: NO. 40:

Indien die saak sien op die kostes van 1960 kan die gevraagde uitbetalings, soos voorgestel gemaak word. Indien dit sien op moontlike uitbetalings vir 1961 dan moet dit in die begroting ingewerk word.

14. BEGROTING:

Op die Begroting moet £13,000 bespaar word. Die U.K. versoek die Sendingraad om 'n besparing van £8,500 op die voorgestelde begroting te maak, terwyl die S.A.S.K. sal poog om nog £4,500 te vind.

15. BELEIDSAMESPREKING ALG. SEND. KOM. KAAPSE KERK.

Op punte 1 (i) en (4) en moontlik (7), 2 llc en 3 (a) en (b) sal verder onderhandel word.

16. AANBEVELING VAN DIE RINGSKOM. INSAKE: EERW. VAN WYK:

Die handeling van die Alg. Sendingsekretaris in hierdie verband word goedgekeur.

17. ONDERWYSERESSE, HUISHOUDKUNDE:- Die A.S. Sekretaris sal Ds. du Toit, Wellington in ve band hiermee ontmoet met sy eerskomende besoek aan Wellington.

18. EERW. THERON LUSAKA:

Hierdie saak word aan die A.S. Sekretaris en die Saakgelastigde opgedra.

19. MNR. W. VENTER, MEDIESE BEHANDELING: Staan oor tot Eerw. D. Hoffman se besoek aan die Unie.

20. M. A. S.

SENDINGTEKORT: Met dank kennisgeneem van die Skenking van £50 en die oproep wat in verband hiermee op die gemeentes sal gedoen word om verder ondersteuning.

3/.....

21. SENDELING WES STREEK OP SINODALE SENDINGKOM:

Kennisname van reëlings in verband hiermee.

22. MEUBELS IN DIE SENDINGPASTORIE: Waar navraag in verband hiermee gedoen is, sal die gevraagde inligting verskaf word.

23. BYDRAE TEOLOGIESE EN ONDERWYSOPLEIDING·

Daar word kennis geneem dat die M.A.S. geen bydrae in verband met die opleiding van Naturelleleraars en onderwysers vir die teenswoordige sal kan doen nie, omdat geen voorsiening in die huidige begroting gemaak is nie

24. SENDINGKERK TE LIVINGSTONE:

Die U.K. wys daarop dat die verantwoordelikheid insake: die bou van hierdie kerk nie die is van die S.A.S.K. nie. Om sake egter tot 'n oplossing te probeer bring sal die S.A.S.K. 'h lening vir £1,000 aangaan met dien verstande dat seker bemaking van Mevr. Wessels, vir die bou van hierdie kerk aan die S.A.S.K. oorgemaak sal word. Die M.A.S. sal egter dan verantwoordelik moet wees vir die rente op hierdie lening.

Oor die optrede van Ds. F. Botha is hierdie verband sal deur die A.S. Sekretaris verder gehandel word.